# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Kan die Verlosser Homself Red?

**Skriflesing:**
Matteus 27:32-54;
Psalm 22:1-12
(2020)

**Teksvers:**
Matteus 27: 42-43

**Sing:**
Sb 15-7:4,5,6
Ps 22:1,3
Sb 10-2
Sb 18-7:1,3,10,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

As die Verlosser Homself nie kan red nie, hoe sal Hy jou kan red? As Hy van die kruis kan afkom, en Homself kan red van die dood, sal dit tog baie rede gee vir mense om in Hom te glo!

So is daar in die wêreld baie mense wat op hulle eie voorwaardes sal glo. Dit is egter nie die mens nie, maar God wat die voorwaardes van verlossing stel.

Ons staan vanoggend stil by hierdie skynbare teenstelling, waarom Jesus Homself nie red nie.

**SONDAGAAND 18:00**

## Die oopgestaande Jesus vergesel sy volgelinge op hulle lewenspad

**Skriflesing:**
Lukas 24: 13-35
(2020)

**Teksvers:**
Lukas 24: 24: 25

**Sing:**
Ps. 149:1,2
Ps. 89:1,6
Sb. 10-2
Sb. 3-3:1,2,5,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Christo Swanepoel

Hoofpunte:

1. Jesus se verskyning.
2. Jesus se onderrig.
3. Die gelowige se blye reaksie.

*"'n Paar van ons het na die graf gegaan en dit net so aangetref soos die vroue gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie." Toe sê Hy vir hulle: "O, julle wat so sonder begrip is, met harte wat traag is om alles te glo wat die profete gesê het! "*

Lukas 24: 24: 25



# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 50** **Nr 14** **20 April 2025**

## Psalms

In hierdie jubeljaar het ons die voorreg om Psalms te sing.

Hierdie is aanhalings uit: "*Ek sing 'n lofsang by my snare*" (Psalms as lied in die Erediens) deur T.G. van Wyk. Die Griekse woord "*psalmos*" beteken 'n lied wat met begeleiding van snarespel gesing word. Volgens sekere verklaarders is dit ook die betekenis van die Hebreeuse woord "*mizmoor*" wat in die opskrif van 57 Psalms voorkom en inderdaad in Afrikaans met "*psalm*" vertaal is.

Wat gebied die Skrif?

Luister wat sê Ps. 47:7,8: "*Psalmsing tot eer van God, psalmsing! Psalmsing tot eer van ons Koning, psalmsing! … "*

Ps. 81: (Dit is die Verbond Psalm) Vers 3: "*Hef aan 'n lied..."* (In die State-Bybel word in die plek van lied, Psalm gebruik) Vers 5: "...*want dit is 'n insetting vir Israel*". 23 Ps. 105:2: "*Sing, psalmsing tot sy eer."* 25 Ps. 147:7: "Sing *'n danklied tot eer van die Here, psalmsing tot eer van onse God, met die siter*".

Jakobus 5:13: "*Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom Psalmsing*".

1 Kor 14:15: "*Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing.*"

Ef. 5:19: "*Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here*".

Kol. 3:16: "*Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here*".

Laat ons dan in hierdie Jubeljaar in gehoorsaamheid en dankbaarheid saam met ons geliefde mede-broeders en -susters psalmsing tot eer van Sy Naam

Oudl Leon Lourens

## ALGEMENE INLIGTING

**EREDIENSTYE**
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Mukhanyo AO** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20-Apr | Ruan | de Souza | A08 | 0604676460 |
| | Magda | vd Schyff | A03 | 0795110196 |
| 21-Apr | Juanita | de la Porte | A09 | 0834197833 |
| 22-Apr | Liesje | Kuperus | B07 | 0834811160 |
| | Suzette | Momberg | B05 | 0827509138 |
| | Remique | van der Bijl | C13 | 0832912303 |
| | AJ | vd Walt | B12 | 0833040904 |
| | Cornea | v Nieuwenhuizen | C08 | 0764029885 |
| | Janette | Veldsman | C08 | 0722147345 |
| 23-Apr | Elize | Hoogendyk | A08 | 0847644692 |
| | Davin | Mitchell | B17 | 0647706989 |
| 24-Apr | Henrico | Silvis | A05 | 0828866400 |
| 26-Apr | Marina | Cronje | C01 | 0828507487 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20-Apr | Anrich | Groenewald | A17 | 0828195947 |
| | Christoff | Klopper | C05 | 0825777190 |
| 21-Apr | Emma | Rheeders | B05 | 0825151558 |
| | Lize | Venter | B14 | 0724377852 |
| 23-Apr | Annabelle | Groenewald | A17 | 0828195947 |
| 24-Apr | Hanné | Venter | A04 | 0714822995 |
| 25-Apr | Sion | Pretorius | B02 | 0825216870 |
| 26-Apr | Iné | Duvenage | C08 | 0827896446 |




## Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Lou Venter het toetse ondergaan (C11—083 644 8080).
- ***Meelewing*** word betuig met familie en vriende van Ria Pretorius wat gedurende April oorlede en begrawe is.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Huis Eljada

Ons gemeente is nog steeds deel van Huis Eljada se versorging.

Op die kennisgewingbord is daar 'n lys van maandelikse behoeftes, kos en skenkings wat hulle ontvang. Daarop kan gesien word waaraan hulle 'n behoefte het.

Klere, skoene en wol is altyd welkom. Onthou van die trollie onder die olyfboom waarin donasies geplaas kan word.

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin Woensdag

**23 April om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met ds Lourens 082 5292 330/ Kerkkantoor 012 664 2614

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 794 2728.